



INHOUD

1. Voorsittersverslag
2. Fondsbeleggings
3. Voordeel- en projeksiestate
4. Hoe om jou aftreespaarfonds te verhoog
5. Belastinghantering van bydraes tot USAF
6. Koste-implikasies van risikovooredele
7. Sanlam se aftreefonds-webwerf en die Sanlam-toep – jou toegang tot USAF
8. Reëlwysigings
9. Verstekregulasies
10. Bestuur van die Fonds
11. Inligtingsessies oor finansiële welstand vir lede van 53 jaar en ouer
12. Finansiële advies aan lede van 53 jaar en ouer
13. Die diensverskaffers van die Fonds
14. Belangrike kontakbesonderhede

1. Voorsittersverslag

Dit is 'n moeilike jaar wat verby is, terwyl markprestasie te midde van uiterste onbestendigheid regoor die wêreld onder druk gekom het. Die afgelope Desember alleen het finansiële en politieke gebeure in botsing gekom en gelei tot een van die ergste jare sedert die wêreldwye finansiële krisis van 2008. Suid-Afrikaanse aandele het nie sentiment-gedrewe belegging en die uiterste onbestendigheid van wêreldmarkte vrygespring nie. Die Indeks van Alle Aandele (ALSI) het die jaar op -8.53% afgesluit. Die uitwerking hiervan word ook in die beleggingsopbrengste van die Groeiportefeulje weerspieël.

Goeie aftreebeplanning hang af van die bydraes wat jy lewer, die beleggingsopbrengste (of rente) wat op jou bydraes verdien word, en die beleggingstydperk. Ons het

'n paar wenke ingesluit oor hoe om jou aftreespaarfonds te verhoog, om te verseker dat jy op koers is na 'n gemaklike aftrede.

Die Raad van Trusteese het steeds op die bestuur van koste gefokus, om te verseker dat 'n groter gedeelte van lede se bydraes aan die aftreespaarkomponent toegeken word. As deel van die jaarlikse markontleding van die risikovooredele se koste, kon ons 'n klein besparing verkry.

Strategieë is ook deur die Raad van Trusteese ontwikkel om te verseker dat USAF vanaf 1 Maart 2019 aan die verstekregulasies voldoen.

Groete

Prof. Niel Krige
Voorsitter

2. Fondsbeleggings

Jou fondswaarde word in die Groeiportefeulje belê totdat jy ouderdom 60 bereik. Vanaf ouderdom 60 bied USAF 'n verstekkeuse in die vorm van 'n lewensfase-beleggingsportefeulje waar lede se geld outomaties uit 'n hoëgroei-/hoërisiko-portefeulje in 'n laegroei-/laerisiko-portefeulje ingefaseer word oor 'n tydperk van ses jaar.

Vanaf ouderdom 53 kan lede uit vyf beleggingsportefeuljes kies, naamlik die:

- Groeiportefeulje (die verstek-beleggingsportefeulje tot ouderdom 60);
- Multi-bestuurde Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje;
- Multi-bestuurde Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje;
- Kapitaalbeskermingsportefeulje; en
- 'n Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommeling bied.


USAF bied ook aan lede wat hul fondskrediet volgens Islamitiese beginsels wil belê, die keuse om in die Ou Mutual Albaraka Gebalanseerde Shari'ah Portefeulje te belê. Lede wat kies om in die Shari'ah-portefeulje te belê, kan nie terselfdertyd aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede kan egter op enige tydperk uit die Shari'ah-portefeulje na die lewensfase-beleggingstrategie terugskuif.

Die Raad van Trusteese monitor en evalueer deurlopend USAF se beleggingstrategie. Hierdie proses behels onder meer dat die beleggings-portefeuljes, strategiese batetoewysing asook die prestasie van al die onderliggende batebestuurders geëvalueer word.



Groeiportefeulje

Die samestelling van die Groeiportefeulje soos op 31 Desember 2018 lyk soos volg:



'n Opsomming van die Groeiportefeulje se opbrengste tot 31 Desember 2018 verskyn in die tabel hieronder:

Tydperk	Groeiportefeulje	Portuurgroep-mediaan*	Portuurgroep-topkwartiel**	Inflasie	Inflasie plus 5%
12 maande	-2.17%	-2.14%	-1.59%	5.18%	10.18%
36 maande	7.10%	3.91%	4.29%	5.48%	10.48%
60 maande	7.22%	6.36%	7.04%	5.39%	10.39%

* Die portuurgroep-mediaan is die beleggingsbestuurder wat in die middel van sy portuurgroep presteer het. Die portuurgroep bestaan uit die 12 grootste beleggingsbestuurders in Suid-Afrika. Dit gee 'n aanduiding van die prestasie van die ander aftreefondse oor hierdie tydperke.

** Die portuurgroep-topkwartiel bestaan uit die beleggingsbestuurders wat driekwart van hul portuurgroep oortref het. Die portuurgroepmaatstawwe is afkomstig van die Alexander Forbes-opname.

Dit is belangrik om te onthou dat spaar vir aftrede 'n langtermynbelegging is. Moet dus liewer nie te veel op korttermyn-beleggingsopbrengste fokus nie. Dit is egter verblydend om te sien dat die Groeiportefeulje die portuurgroep-topkwartiel met gemak geklop het oor die metingstydperke van drie en vyf jaar tot 31 Desember 2018. Oor die korter metingstydperk van een jaar het die portefeulje in ooreenstemming met die portuurgroep-mediaanbestuurder presteer.

Vir meer inligting oor die opbrengste wat deur die onderliggende portefeuljes behaal is, besoek gerus <http://www.retirementfundweb.co.za>

3. Voordeel- en projeksiestate soos op 31 Desember 2018

Jou voordeelstaat bevestig jou fondswaarde soos op 31 Desember 2018, asook jou aftreefondsebydraes vanaf 1 Januarie tot 31 Desember 2018, en aftree-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele. Gaan asseblief die inligting op jou voordeelstaat na en kontak Menslike Hulbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) indien enige besonderhede op die staat nie korrek is nie.

Die projeksiestate wat by jou voordeelstaat ingesluit is, is bloot 'n riglyn om die geskatte maandelikse pensioen op die normale aftreedatum te bepaal. Daarom is dit belangrik dat jy eers 'n finansiële adviseur raadpleeg voordat jy enige besluite oor jou aftrede neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen kan eers bepaal word wanneer die pensioen by aftrede gekoop word. Let asseblief daarop dat die geskatte maandelikse pensioen uitgedruk word as 'n persentasie van jou maandelikse pensioengewende inkomste. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die pensioengewende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personeellede 75% van hul koste van indiensname beloop.

Die aannames waarop die projeksiestate berus, is dieselfde as dié wat deur die pensioenberekenaar (*Retirement Calculator*) op die Sanlam Retirement Fund Web gebruik word.

Die projeksiestate van 31 Desember 2018 neem ook die na-aftrede mediesefonds-subsidie waarvoor sommige lede kwalifiseer, in ag met die berekening van die geraamde pensioen by aftrede. Dit is 'n waardevolle voordeel en wys watter verskil dit aan jou aftreeprojektsies maak.

4. Hoe om jou aftreespaarfonds te verhoog

Jou projeksiestate toon jou geskatte pensioen persentasie (GPP), wat 'n aanduiding gee van watter pensioenvlak jy by aftrede kan verwag. Dit word aanbeveel dat jy probeer om minstens 80% van jou jaarlikse pensioengewende salaris (75% van totale koste van indiensname) by aftrede te verdien, om dieselfde lewenspeil ná aftrede te hê. Met ander woorde, jy het 'n GPP van 80% nodig.

Hier is 'n paar wenke om jou aftreespaarfonds te verhoog, om te verseker dat jy op koers is na 'n gemaklike aftrede.

- **VERHOOG jou bydraekoers.**

USAF laat jou toe om uit verskillende bydraekoerse tussen 15% en 35% van pensioengewende salaris te kies. Jy kry jaarliks die geleentheid om jou vergoedingspakket te herstruktureer en jou bydraekoers tot USAF te verhoog, sonder ekstra koste. Hoe meer jy bydra, hoe beter is jou kans om jou aftreedoelwit te bereik.

Wat belangrik is, is dat hierdie bydraes belastingaftrekbaar is tot sekere perke. Verder het lede wat reeds 35% van pensioengewende salaris bydra, ook die geleentheid om addisionele lidbydraes te lewer. Die addisionele bydraes tot USAF is na belasting en is 'n gewone aftrekking. Sien by punt 5 hoe die belastingaftrekking hanteer word ten opsigte van hierdie addisionele bydraes.

- **BEWAAR jou spaargeld.**

Wanneer jy van werk verander, vermy liever om jou aftreevoordeel in kontant te neem en dit dan uit te gee. Jy kan jou geld in USAF laat om verder te groei tot jou aftrede, en voordeel trek uit die effek van saamgestelde rente. Vermy vroeë aftrede. As jy ná aftrede kan werk, oorweeg die uitgestelde aftree-opsie wanneer jy uit die Universiteit se diens tree.

Wanneer jy by die Universiteit Stellenbosch aansluit, dra jou aftreespaargeld in ander fondse oor na USAF sonder ekstra koste, en kry die voordeel van lae administrasie- en beleggingsfooie wat deur die Fonds gehef word.

- **KIES 'n geskikte beleggingsportefeulje.**

Vanaf ouderdom 53 kan jy beleggingskeuse in USAF uitoefen, om te verseker dat jou geld in 'n beleggingsportefeulje belê word wat vir jou behoeftes geskik is.

Onthou, hoe langer jy tot jou aftreespaarfonds bydra, hoe hoër sal jou geskatte pensioen persentasie wees. Aftrede lyk miskien ligjare ver, maar as jy elke maand net 'n bietjie ekstra wegsit deur jou bydraekoers te verhoog of addisionele lidbydraes te lewer, sal dit 'n geweldige impak op jou pensioen hê.

Gebruik die **Retirement Calculator** op die Sanlam Retirement Fund Web om te sien watter uitwerking jou bydraekoers, beleggingskeuse en aftree-ouderdom op jou pensioen sal hê wanneer jy aftree. Dit word uitgedruk as jou geskatte pensioen persentasie.

5. Belastinghantering van bydraes tot USAF

Sedert 1 Maart 2016 is jy geregtig op 'n belastingaftrekking van tot 27.5% van jou "vergoeding" of "belasbare inkomste" (wat ook al die grootste is) op bydraes tot 'n aftreefonds, soos USAF, of 'n uittree-annuïteit, onderhewig aan 'n maksimum van R350 000 in enige belastingjaar.

USAF laat jou toe om bydraes van tot 35% van pensioengewende salaris (of 27.5% van totale koste van indiensname) te lewer. Lede wat reeds 35% van pensioengewende salaris bydra, het ook die geleentheid om addisionele lidbydraes te lewer, na belasting en as 'n gewone aftrekking. Hoewel bydraes wat die perke in 'n belastingjaar oorskry, nie vir 'n belastingaftrekking in daardie spesifieke belastingjaar kwalifiseer nie, sal die belastingaftrekking op 'n jaarlikse grondslag tot aftrede verleng word. Dit beteken die bedrag van surplusbydraes kan gebruik word om die waarde van 'n belastingvrye enkelbedrag wat jy voor of by aftrede neem te verhoog, of om die belasbare gedeelte van jou annuïteitinkomste gedurende aftrede te verminder.

Uitgestelde afgetredenes wat weer tydelik deur die Universiteit in diens geneem word, word toegelaat om nabelaste bydraes tot USAF te lewer. Die belastingaftrekking vir hierdie bydraes sal eers met die evaluering van jou belastingopgawe deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens aan die einde van die belastingjaar bereken word.

6. Koste-implikasies van risikovooredele

Die Universiteit en USAF toets elke jaar die versekeringsmark met die doel om goedkoper versekeringspremies vir jou bestaande risikovooredele te verkry.

Momentum se tarief vir die versekerde Gade- en Kinderpensioendekking in USAF is onveranderd gehou vir 2019. Hulle het egter 'n laer tarief per R1 000 dekking vir Groeplewensversekering vir aktiewe lede aangebied.

Hoewel Ou Mutual die tarief per R1 000 vir die nie-goedgekeurde Gadedekking effens verhoog het, is dit nog steeds 'n baie goedkoop tarief. Die tariewe vir die Ongeskiktheidsinkomstedekking en Begrafnisdekking is onveranderd gehou vir 2019.

Die veranderings het in die geheel gelei tot 'n maandelikse besparing van 2.8% in die premies vir risikovooredele vir sommige lede.

Onthou, as jy 'n enkellid is wat nie 'n gade of kinders het nie, kan jy kies om nie die versekerde **Gade- en Kinderpensioendekking** in USAF te ontvang nie. Jy het ook die opsie om addisionele dekking van twee maal pensioengewende salaris deur die Groeplewensversekeringskema uit te neem. Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om hierdie opsies uit te oefen.

Indien jy die opsie uitoefen om geen versekerde Sterftevoordeel in USAF te hê nie, en later wel trou en/of kinders kry, sal jy die versekerde Sterftevoordeel in USAF moet kies om te verseker dat daar na jou gade en/of kinders se behoeftes omgesien word indien jy te sterwe kom.

7. Sanlam se aftreefonds-webwerf en die Sanlam-toep – jou toegang tot USAF

Ons wil jou aanmoedig om op die Sanlam Retirement Fund Web en die Sanlam-toep te registreer, om toegang te hê tot jou persoonlike besonderhede, te sien waar jou geld belê is en hoe die beleggingsopbrengste lyk, en ook jou jongste fondskrediet en risikovoordede na te gaan – alles met die druk van 'n knoppie, 24 uur per dag en 7 dae per week. Die *Retirement Calculator* kan jou help om uit te vind of jy genoeg vir aftrede spaar. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam op een portaal kan nagaan.

Hoe kry ek toegang tot die Retirement Fund Web?

- Besoek www.sanlam.co.za. Klik op Login (regs bo) en kies Secure Services.
- Kies Register en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (dit verskyn op jou voordeelstaat) of jou identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerskode / gebruikersnaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry.

Verander die tydelike wagwoord aangesien dit slegs een keer gebruik mag word.

Hoe kry ek toegang tot die toep?

Laai die **Sanlam My Retirement**-toep van Google Play Store of Apple App Store af. Gebruik jou Sanlam Secure Services-gebruikerskode en -wagwoord om toegang tot jou USAF-inligting te kry.

8. Reëlwyisings

In 2018 is die Fondsreëls van USAF soos volg gewysig:

- **Reëlwyisiging nr. 10** maak voorsiening vir:
 - a. Betaling van die sterftevoordeel van 'n uitgestelde afgetredene ingevolge artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse.

Die reëlwyisiging is geregistreer en vir belastingdoeleindes goedgekeur op 8 Mei 2018.

- **Reëlwyisiging nr. 11** maak voorsiening vir:
 - a. Aanpassing van die Fondsreëls in ooreenstemming met die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor van 2017.
 - b. Beskikbaarstelling van 'n bewaringsopsie binne die Fonds wanneer 'n lid die werkgewer voor aftrede verlaat, ooreenkomstig die verstekregulasies.
 - c. Beskikbaarstelling van voorligting oor aftreevoordele wanneer 'n lid die werkgewer voor aftrede verlaat.
 - d. Die oordrag van 'n aftreevoordeel op die aftreedatum na 'n uittree-annuïteit, in ooreenstemming met die wysiging van die Inkomstebelastingwet van 2017.
 - e. Die toelating van lede wat besluit het om nie by die Fonds aan te sluit binne 12 maande nadat hulle by die werkgewer begin werk het nie, om enige tyd by die Fonds aan te sluit.

Die reëlwyisiging is geregistreer en vir belastingdoeleindes goedgekeur op 29 November 2018.

9. Verstekregulasies

Volgens die verstekregulasies moet alle aftreefondse, insluitend USAF, vanaf 1 Maart 2019 drie verstekstrategieë toepas. Die regulasies is daarop gemik om lede se aftree-uitkoms te verbeter deur te sorg dat hulle goeie waarde vir hul aftreespaargeld kry.

Vanaf 1 Maart 2019 moet voorligting oor aftreevoordele aan alle lede beskikbaar gestel word by die volgende geleentheid:

- Wanneer lede die werkgewer voor aftrede verlaat en hetsy kies om hul voordeel oor te dra na 'n ander aftreespaarprodukt wat deur 'n geregistreerde finansiële instelling aangebied word, of versoek dat hul voordeel as 'n kontantenkelbedrag uitbetaal word.
- Minstens drie maande voor hul normale aftreedatum.

Voorligting oor aftreevoordele verwys na die bekendmaking en verduideliking, in duidelike en verstaanbare taal, van die risiko's, koste en heffings verbonde aan enige fondsopsies wat aan lede beskikbaar is.

Kom ons kyk hoe USAF aan hierdie regulasies voldoen.

- **VERSTEK-BELEGGINGSPORTEFEULJE**

USAF voldoen reeds aan die vereiste om 'n verstek-beleggingsportefeulje aan te bied waarby lede outomaties ingesluit sal word wanneer hulle by USAF aansluit. Die beleggingstrategie word gereeld deur die Raad van Trustees hersien om seker te maak dat lede redelike fooie betaal en optimale beleggingsopbrengste ontvang.

Lede se bydraes word in die Groeiportefeulje belê tot op ouderdom 60. Vanaf ouderdom 60 bied USAF 'n verstekkeuse in die vorm van 'n lewensfase-beleggingsportefeulje waar lede se geld outomaties uit 'n hoëgroei-/hoërisiko-portefeulje in 'n laegroei-/laerisiko-portefeulje ingefaseer word oor 'n tydperk van ses jaar. Vanaf ouderdom 53 het lede die opsie om beleggingskeuse buite die verstekportefeulje uit te oefen.

- **VERSTEK-BEWARINGSTRATEGIE**

Sedert Desember 2018 bied USAF aan lede wat die werkgever se diens verlaat, die opsie om hul belegging in USAF voort te sit volgens 'n bewaringsopsie binne die Fonds, en om 'n opbetaalde lid te word. Dit stel lede in staat om in die beleggingsportefeulje te bly waarin hul Fondsvoordeel was toe hulle diens verlaat het, terwyl hulle steeds die skaalvoordele kry wat die aftreefonds bied, soos lae administrasie- en beleggingsfooie. Lede sal ook vanaf ouderdom 53 beleggingskeuse kan uitoefen, soos in die geval van aktiewe bydraende lede. Voorts mag opbetaalde lede, in ooreenstemming met die regulasies, USAF enige tyd opdrag gee om hul voordeel uit te betaal of na 'n ander diensverskaffer oor te dra.

USAF sal persoonlike voorligting oor aftreevoordele reël om aan alle lede wat die werkgever verlaat, feitelike inligting te verskaf en die beskikbare opsies te verduidelik.

- **ANNUÏTEITSTRATEGIE (PENSIOENSTRATEGIE)**

Die Raad van Trustees van USAF onderskryf 'n annuïteitstrategie wat aan regulatoriese vereistes voldoen. Die Raad het besef dat lede verskillende behoeftes tydens aftrede het en besluit dat die annuïteitstrategie vir Fondsleder beide 'n inflasiegekoppelde lewensannuïteit-opsie en die bestaande lewende annuïteit-opsie binne die Fonds sal insluit.

Die inflasiegekoppelde lewensannuïteit is geskik om lede se basiese behoeftes (soos huur, mediese fonds, lewenskoste, ens.) te dek, en die lewende annuïteit-opsie binne die Fonds is geskik om addisionele behoeftes benewens basiese behoeftes (soos vakansies, stokperdjies, ens.) te dek. Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie 'n outomatiese verstekreëling sal wees nie. Lede sal 'n aktiewe keuse moet uitoefen – d.w.s. doelbewus die strategie moet kies.

Die inflasiegekoppelde lewensannuïteit sal as 'n polis in die naam van die lid verskaf word, deur een van die Fonds se voorkeurdienverskaffers. Die lewende annuïteit-opsie binne die Fonds bied 'n Trustee-verstek opsie en 'n pasgemaakte opsie. Die trustee-verstek opsie bied vaste onttrekkingskoerse per ouderdomsgroep en twee onderliggende portefeuljes sonder beleggingskeuse. Die pasgemaakte opsie bied buigsame onttrekkingskoerse wat per ouderdomsband beperk word, en toegang tot vyf onderliggende beleggingsportefeuljes.

Die trusteees besef en erken dat individuele lede se finansiële behoeftes uniek is en deur verskeie faktore beïnvloed word. Die grootte van 'n lid se fondskrediet by aftrede sal dus as 'n riglyn gebruik word om te bepaal watter annuïteit vir die lid geskik is. Aangesien lede meer as een beskikbare opsie sal hê om te oorweeg, meen die trusteees dit is nodig dat lede aftreebeplanninginligting en -advies ontvang wat hulle sal help om holistiese en ingeligte besluite oor hul aftreevoordeel in USAF te neem. Lede sal individuele, persoonlike voorligtingsessies oor aftreevoordele op die Universiteit se perseel kan bywoon. USAF reël en betaal ook vir individuele advies voor aftrede, wat lede hiermee sal help.

Lewensannuïteit – 'n versekeringspolis of 'n kontrak tussen jou, die lid, en 'n versekeringsmaatskappy. 'n Kapitaalbedrag word deur die Fonds aan 'n versekeringsmaatskappy oorbetal in ruil vir 'n maandelikse inkomste wat gewaarborg word om tot jou dood betaal te word.

Lewende annuïteit – 'n beleggingsprodukt waarvan die inkomste nie gewaarborg word nie. Pensioenbetalings hang af van die prestasie van die onderliggende beleggings waarin die pensioenaris belê is.

Hoe sal die annuïteitstrategie werk?

- **Finansiële advies by aftrede**

USAF sal jou twee gratis konsultasies by een van die voorkeur finansiële adviseurs van jou keuse gee. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede in die jaar van jou aftrede, om jou te help besluit deur jou persoonlike omstandighede in ag te neem.

- **Aftree-inligtingsdokument**

Binne ses maande voor jou normale aftreedatum sal jy 'n aftree-inligtingsdokument ontvang. Dit sal 'n verduideliking gee van USAF se annuïteitstrategie en die belangrikheid van elke bousteen, die opsies wat deur USAF aangebied word, en toegang tot voorligting oor aftreevoordele en individuele finansiële advies. Dit sal ook illustratiewe kwotasies vir 'n inflasiegekoppelde annuïteit van vier voorkeurdienverskaffers – Ou Mutual, Momentum, Sanlam en Just SA – insluit, asook illustratiewe onttrekkingskoerse van die lewende annuïteit-opsie binne die Fonds.

- **Voorligting oor aftreevoordele**

Binne ses maande voor hul normale aftreedatum sal elke lid persoonlike voorligting oor aftreevoordele ontvang, om hulle van feitelike inligting te voorsien en die aftree-inligtingsdokument te verduidelik.

- **Groepinligtingsessies sal ook gehou word om die inligting in die dokument te verduidelik.**

Die Aftreevoordeel-voorligter en die Finansiële Adviseur sal lede met die finale annuïteitkwotasies vir die koop van 'n annuïteit en die toepaslike dokumente help.

USAF se Raad van Trustees sal die Fonds se annuïteitstrategie jaarliks nagaan.

10. Bestuur van die Fonds

Die Raad van Trustees van USAF bestaan uit vyf werkgewer- en vyf werknemertrustees. Die ampstermyn van die trustees is drie jaar. Aan die einde van Oktober 2018 het prof. Prieur du Plessis as werkgewertrustee bedank. Hy is vanaf Februarie 2019 deur mnr. Johan van der Merwe vervang.

'n Kykie na die trustees:

Naam	Hoedanigheid	Agtergrond	Huidige termyn verstryk
Prof. Niel Krige	Voorsitter en Werkgewertrustee	Prof. Krige is voorsitter van die Ontwikkelingskantoor en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee.	17 November 2020
Mnr. Ché Bermosky	Sekundus-werknemertrustee	Mnr. Bermosky is 'n regsadviseur by die Universiteit en dien sedert 1 Januarie 2018 as sekundus-trustee.	6 Desember 2019
Mnr. Le Roux Burrows	Werknemertrustee	Mnr. Burrows is 'n senior lektor by die Departement Ekonomie en dien sedert 24 Desember 2002 as 'n trustee.	6 Desember 2019
Prof. Johann de Villiers	Werkgewertrustee	Prof. De Villiers is 'n professor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 1 November 2000 as 'n trustee.	31 Oktober 2021
Mnr. Peter Kirsten	Werknemertrustee	Mnr. Kirsten is werksaam in die Vergoedings- en Voordele-afdeling van die Departement Menslike Hulpbronne en dien sedert 7 Desember 2016 as 'n trustee.	6 Desember 2019
Mnr. Manie Lombard	Werkgewertrustee	Mnr. Lombard is die Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee.	4 Mei 2020
Mnr. Victor Mothobi	Werkgewertrustee	Mnr. Mothobi is die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne en dien sedert 1 Januarie 2018 as 'n trustee.	31 Desember 2020
Mnr. Johan van der Merwe	Werkgewertrustee	Mnr. Van der Merwe dien as 'n direkteur in die direksies van verskeie maatskappye en is sedert 5 Februarie 2019 'n trustee.	4 Februarie 2022
Prof. Wikus van Niekerk	Werknemertrustee	Prof. Van Niekerk is die Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee.	6 Desember 2019
Prof. Johan van Rooyen	Werknemertrustee	Prof. Van Rooyen is 'n medeprofessor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee en sekundus-trustee.	6 Desember 2019
Prof. Suzette Viviers	Werknemertrustee	Prof. Viviers is 'n professor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 7 Desember 2016 as 'n trustee.	6 Desember 2019

Mnr. Japie Kotzé, 'n direkteur in die Departement Menslike Hulpbronne, is sedert 1 Desember 2012 die hoofbeampte van die Fonds.

Die ampstermyn van die lidtrustees wat in Desember 2016 gekies is, verstryk in Desember 2019. Gedurende die tweede helfte van die jaar sal lede die geleentheid kry om 5 werknemertrustees te kies om hulle in die Raad van Trustees te verteenwoordig.

I 1. Inligtingsessies oor finansiële welstand vir lede van 53 jaar en ouer

Vanaf ouderdom 53 kan jy as lid individuele beleggingskeuse in USAF uitoefen. Die Fonds sal jou noui na 'n kwartaallikse inligtingsessie oor finansiële welstand, om meer inligting te verskaf oor die beleggingskeuses wat aan jou beskikbaar is. Inligting sal ook verskaf word om jou te help voorberei vir die keuses wat jy voor en na aftrede moet maak. Kwalifiserende lede sal binnekort per e-pos 'n uitnodiging na hierdie sessies ontvang.

Dit is ook raadsaam om die finansiële adviesdiens te benut sodra jy hiervoor kwalifiseer (vanaf ouderdom 53).

I 2. Finansiële advies wat beskikbaar is aan lede van 53 jaar en ouer

Ons herinner jou aan die finansiële adviesdiens wat USAF gratis aanbied vir lede van 53 en ouer, wat verskaf word deur 'n paneel van vyf voorkeurdiensverskaffers. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuse wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

Die diensverskaffers is:

Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:
+27 (0) 21 809 3750 / wesselsw@aforbes.co.za

Efficient Wealth:
+27 (0) 21 914 8030 / martin@efw.co.za

Finfocus:
+27 (0) 21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:
+27 (0) 21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:
+27 83 375 9831 / Hanlie.Wethmar@sanlam.co.za

USAF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdiensverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die jaar van jou aftrede.

Dis maklik om hierdie diens te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kry 'n konsultasiekoepon by die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za).
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

I 3. Die diensverskaffers van die Fonds

USAF het die diensverskaffers in 2018 hersien. Die volgende diensverskaffers is deur die Raad van Trustees aangestel om met die bestuur van die Fonds te help. Hul pligte word hieronder uiteengesit:

Diensverskaffer	Diens	Funksies wat verrig word
Simeka Konsultante & Aktuarisse	Voordeel- en aktuariële advies	<ul style="list-style-type: none"> • Advies oor die Fonds se voordeelstruktuur en veranderings in wetgewing. • Hulp met kommunikasie aan lede. • Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoegis. • Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardering om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal.
Willis Towers Watson	Beleggingsadvies (<i>aangestel vanaf 1 Maart 2019</i>)	<ul style="list-style-type: none"> • Advies oor die Fonds se beleggingstrategie. • Hulp met die keuring en evaluering van beleggingsbestuurders.
Sanlam Aftreefonds Administrateurs	Fonds-administrasie	<ul style="list-style-type: none"> • Maandelikse vaslegging van bydraes. • Oorplasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders. • Betaling van eise. • Uitreiking van voordeelstate. • Daaglikse boekhouding en voorbereiding vir die opstel van die finansiële jaarstate.
ABSA Bank	Bankiers	<ul style="list-style-type: none"> • Alle fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening.
Momentum	Versekeraar	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker die Sterftevoordeel (gade- en kinderdekking) soos omskryf in die Fondsreëls.
Sygnia Allan Gray Coronation Investec Investment Solutions Sanlam Old Mutual	Batebestuurders	<ul style="list-style-type: none"> • Bestuur die beleggings van die Fonds volgens die mandate waarvoor met die Raad van Trustees ooreengekom is.
Ernst & Young Geïnk.	Ouditeure (<i>aangestel vanaf 1 Januarie 2019</i>)	<ul style="list-style-type: none"> • Doen eksterne oudits.

14. Belangrike Kontakbesonderhede

Indien jy meer inligting oor USAF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die Voordeekonsultant in verbinding tree. Kontak asseblief die Hoofbeampte indien jy enige klagtes oor USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotzé

Tel: +27 (0)21 808 2754

Faks: +27 (0)21 808 2484

E-pos: jjsk@sun.ac.za

Voordeekonsultant

Alfreda April

Tel: +27 (0)21 912 3316

Faks: +27 (0)21 912 3341

E-pos: alfreda@simekaconsult.co.za

Vergoedings- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten

Tel: +27 (0)21 808 3740

Faks: +27 (0)21 808 2484

E-pos: pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsberegter (PFB)

E-pos: enquiries@pfa.org.za

Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede